23 Januarie Josua 1:1-9

Instrument in God se hand

Lê daar soms groot verantwoordelikhede soos 'n berg voor u?

Moes u al ooit so 'n groot verantwoordelikheid op u skouers neem soos hierdie een waarvoor Josua hier staan? Hy moet 'n weerbarstige volk wat bekend is vir hulle dwarstrekkery en voortdurende gekla na Kanaän lei. In Kanaän word die Israeliete se leërs ingewag deur volke wat tot die tande gewapen is en ingegrawe is in versterkte vestings. Josua het inderdaad 'n onbenydenswaardige taak!

God bemoedig Josua in hierdie ontsaglike opdrag deur hom te herinner dat Hy aan die werk is in die uitvoering van sy verbondsbeloftes. Josua is net soos sy voorganger Moses alleen maar die instrument in die hand van die almagtige God. Daarom kan Josua sterk, vasberade en vol moed wees. Die uitkoms hang nie van Josua se menslike vermoëns af nie, maar van die almagtige God wat sy raadsplan uitvoer.

Staan u voor groot uitdagings in u roepingsvervulling? Raak rustig in geloofsvertroue. Kyk, God is met u net soos Hy was met Moses, Josua, Dawid, Daniël... Want dit is God wat werk in hierdie wêreld. Ons is bloot instrumente in sy hand.

Sing: Psalm 18:14,15 Ds. H.B. Hattingh (Amanzimtoti)